

Woensdag 22 April

Skrifgedeelte: Markus 14:3-9

Fokusgedeelte: Markus 14:4, 5

Wat is Jesus vir jou werd?

Ons lees dat Jesus in die huis van Simon die melaatse teenwoordig was vir 'n maaltyd. Sodra die gaste aangesit het, kom daar 'n vrou (Maria) met 'n albaste-fles kosbare nardusolie die vertrek in.

Hierdie nardusolie was duur, baie duur. Dit moes uit die Ooste, uit Indië, ingevoer word. Dit lei geen twyfel nie dat Maria baie daarvoor moes betaal het nie. Sy het egter nie omgee nie. Sy het ook nie 'n bietjie gekoop nie. Nee, sy koop 'n halfliter egte, kosbare nardusolie.

Sy gaan reguit na Jesus, breek die fles oop en giet die inhoud in 'n stroom oor Jesus uit. So salf sy vir Jesus van sy hoof tot by sy voete terwyl almal onthul word met 'n wolk van die allersuiwerste geur. In hierdie daad bewys sy haar dankbaarheid aan Jesus. Daarom gee sy aan Hom die beste wat sy kan vind. Soveel is Jesus vir haar werd.

Skielik is daar 'n fluistering onder die mense. Daar word kommentaar gelewer. Gou-gou word daar 'n berekening gemaak. Hierdie nardusolie kos ten minste 300 silwerstukke. Met dié bedrag kon 5 000 mense gevoed word. Dit is baie geld. Almal stem saam, dit is verkwisting.

Wat sê Jesus? Hy sê: "Laat haar staan ... Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis ... Oral waar die evangelie verkondig word, sal ook vertel word wat sy gedoen het."

Aan die kruis toon Jesus ook wat ons vir Hom werd is. Want aan die kruis op Golgota knak God se albaste-fles met allerkosbare nardusolie in skerwe, sodat strome van sy heil oor ons lewens kan vloei. Dit gebeur wanneer Hy Hom gee as 'n offer vir ons sondes.

Nou die belangrike vraag: Wat is Christus vir jou werd?

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. PJ van der Walt (Peet) (Emeritus)